


Trust: Beskerm jou bates

Carolien Saayman

Saterdag 28 Junie 2014



Van Middeleeuse ridders tot jǒu bates: Hoekom sou 'n mens 'n trust wil oprig? As jy "ja" antwoord op enige van die vrae in ons grafika, kan jy 'n trust oorweeg.

Die hoofdoel van 'n trust moet nié wees om verskeie belastings te bespaar nie, sê Rigard Sevenster, fidusiêre spesialis by Glacier van Sanlam.

Die hoofdoel moet altyd wees om bates te beskerm. Trusts het in die Middeleeue in Brittanje ontstaan toe ridders vir lang tye oorsee in Kruistogte gaan veg het. Hul bates is in trust oorhandig aan trustees om dit vir hul familie te bestuur, sê Sevenster.

'n Inter vivos- of 'n testamentêre trust kan bates beskerm teen krediteure, spandabelrige begunstigdes of begunstigdes wat nie selfstandig is nie, maar slegs as die trust reg bestuur word.

'n Inter vivos-trust word deur middel van 'n ooreenkoms opgerig in 'n trustakte terwyl jy nog leef; 'n testamentêre trust word in jou testament geskep en tree in werking ná jou dood.

In dié artikel gee ons slegs breë liglyne oor wanneer jy moontlik 'n trust kan oorweeg; sien 'n kundige as jy beplan om 'n trust op te rig.

Egpaar se boedel groter as R7m. As die totale netto batewaarde van 'n egpaar meer as R7 miljoen is, kan hulle dit oorweeg om 'n inter vivos-trust op te rig, sê André Griessel van ProVérte Wealth Management.

Hoekom die R7 miljoen-drempel? Boedelbelastingvrystelling van R3,5 miljoen geld op elke boedel. Bemakings tussen gades is vrygestel van boedelbelasting en in totaal mag hulle dus tot R7 miljoen aan enige ander persoon of entiteit laat vererf sonder dat boedelbelasting betaalbaar is. Die R7 miljoen-vrystelling geld net as die eerssterwende sy/haar hele boedel aan die langsewende bemaak het, met ander woorde as die eerssterwende glad nie sy of haar toelaatbare R3,5 miljoen-vrystelling gebruik het nie.

Bó dié drempel tree boedelbelasting in werking. 'n Boedel groter as R7 miljoen kan voordeel trek uit 'n inter vivos-trust omdat daar nie met die bates gehandel hoef te word by dood nie. Dit is dus vrygestel van boedelbelasting, eksekuteursgelde en die tydperk verbonde aan die afhandeling van 'n boedel. Tydsverloop is egter noodsaaklik om hierdie voordeel sinvol te maak aangesien die trustoprigter op die dag van oordrag nog nie sy boedel verklein het nie, sê Griessel. 'n Fisieke bate is slegs verruil vir 'n leningsrekening. As jy reeds in jou 70's is, het jy dalk te lank gewag om dié opsie te kies.

Hoewel Sevenster maan boedelbelastingbesparing behoort laer op die prioriteitslys te wees as batebeskerming as rede om 'n trust op te rig, wys Griessel daarop dat dit in dié geval wel 'n wesenlike voordeel inhou.

Minderjarige kinders As jou kinders minderjarig is, moet jy 'n trust oprig; in jou testament of inter vivos. As jy dit nie doen nie, word al jou bates verkoop en in kontant omgeskakel en oorbetal aan die Meester van die Hooggeregshof se Voogdyfonds. Die minderjarige se voog moet dan hier aansoek doen om onderhoudsgeld. Dis administratief moeiliker as wanneer jy via 'n trust iemand aanstel om die geld namens die minderjarige te administreer, sê Kobus Oosthuizen, 'n fidusiêre praktisyn by PSG Konsult.

Onthou ook dat 'n kind op 18 nie meer 'n minderjarige is nie, maar bitter min – indien enige – kinders is op daardie ouderdom volwasse genoeg om met geld te werk. Die tipiese testamentêre trust geld dus tot op die ouderdom van 25, maar daar is niks wat jou keer om dié ouderdom nog hoër te maak nie.

Verkwister Is een van jou erfgename 'n verkwister wat teen hom-/haarself beskerm moet word? Of iemand wat weerloos is, byvoorbeeld 'n onkundige weduwee of ou mense/kinders met spesiale behoeftes?

'n Trust het die voordeel dat dit die kapitaal beskerm en die erfgenaam kan 'n inkomste daaruit kry. Die kapitaal is ook beskerm teen enige skuldeisers van die erfgenaam.

Pasop vir die slaggate

Sevenster sê die grootste fout wat mense oor trusts maak, is dat hulle nie die grondbeginsel van 'n trust verstaan nie. Baie mense dink daaraan as een of ander tipe voertuig waarin hulle hul bates kan sit om dit te beskerm, maar dat die bates steeds hulle s'n bly om mee te doen soos hul goeddink. Hierdie siening gaan teen die grein van 'n trust in en plaas hulle en die trust in 'n baie weerlose posisie waar die howe die trust nietig kan verklaar.

In wese is 'n trust 'n kontrak waarkragtens die oprigter eienaarskap van bates oordra in die sorg van 'n ander persoon (die trustee) om geadministreer te word tot voordeel van 'n derde persoon of groep mense (die begunstigdes).

Daar ontstaan egter verwarring omdat in Suid-Afrika die stigter ook een van die trustees kan wees. Én hy kan ook een van die begunstigdes wees. Hy mag net nie die enigste trustee en die enigste begunstigde wees nie.

Sevenster stel voor die volgende stappe word gevolg om te verseker die trust is wettig:

1. Maak seker dat 'n werklike trust wel in die lewe geroep is. Die oprigter moes die bedoeling gehad het om 'n trust te skep deur eienaarskap te oorhandig aan die trustees tot voordeel van identifiseerbare begunstigdes.
2. Maak seker jy het 'n voldoende en opgedateerde trustakte. Dit moet buigsaamheid gee en voldoende magte verleen aan die trustees vir enige moontlik situasie, maar nie die verkeerde soort magte aan enige individu gee nie. Maak seker dit word gereeld hersien as omstandighede verander of as daar veranderings aan wetgewing is.
3. Trustees moet weet wat hul wetlike pligte is en op datum bly met enige veranderings aan die trustwetgewing. Die trustees moet die trustakte bestudeer en seker wees van hul magte en verantwoordelikhede.
4. Skei die eienaarskap en beheer van die bates van die genieting van die bates. Jy mag 'n trustee wees en jy mag 'n begunstigde wees. Maar as jy die bates as jou eie beheer, sal hulle as jou bates beskou word. Die stigter moet dus nie vetomagte in die trustakte hê nie. Bly ook eerder weg van testamentêre bepalings oor trustbates; met ander woorde om in jou testament bepalings te doen oor bates wat reeds in 'n trust is.
5. Stel 'n onafhanklike trustee aan wat betrek word by die besluitneming, nie net as 'n skyntrustee nie. Dié persoon moenie 'n begunstigde of 'n direkte familielid wees nie. Verkieslik ook nie die ouditeur of boekhouer van die trust nie. Oorweeg dit selfs om 'n korporatiewe (professionele) trustee aan te stel.
6. Hou die administrasie van die trust noukeurig op datum. Dit is uiters belangrik. Papierwerk wat op datum is wys dat die trustees die nodige stappe doen om hul pligte na te kom. Dit vorm ook deel van die bewys dat onderskeid getref is tussen beheer en genot. Dit sluit onder meer in: notules van vergaderings, resolusies van alle transaksies, e-pos-kommunikasie, jaarlikse finansiële state (waaronder 'n bateregister), leningsooreenkomste, ens. Al dié inligting moet op skrif en op datum wees. Dis die eerste vraag wat 'n hof sal vra as die trust ooit in 'n dispuut betrokke is.
7. Registreer die trust vir belasting by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Dit is 'n wettige verpligting, selfs al is daar nie jaarliks belasting betaalbaar nie.